Druk fout, Moet hoofstuk VI (6) wees.

# V.


## DIE TWEEDE AFVAARDIGING VAN DIE KAAPSE KERK.

Die eerste deputasie van die Kaapse Sinode was nog nie teruggekeer en hul verslag gevolglik nie ter hand nie, toe daar deur die kerkraad van Rietrivier (nou Fauresmith) 'n dankbetuiging gerig is ,,Aan de bestier der synode! Dat het de Eerw. Synode behaagt heeft, aan ons Herderloze Kudde dewelke voor zo veele jaren ontstoken waren van de openbare Godsdienst onder ons te mogen hebben eindelijk te gedenken, en de geëerde Commissie over te zenden." [1]) Die dankbetuiging het geëindig met 'n dringende versoek om 'n vaste leraar te stuur, en so nie ,,zo spoedig als het de Bestier der Synode mogte gelegen zijn, ons weeder met het bezoek eener Commissie van twee leeraren of zo als hun Eerw. moge goed vinden, te willen vereeren."[2]) Hierop het Dr. A. Faure, as Actuarius Synodi, saaklik o.m. geantwoord ,,dat uw toestand en dié van zoo velen in die gewesten de hartelijke belangstelling gelijk van ons Kerkbestuur zoo ook van den tegenwoordigen Gouverneur [Sir Harry Smith] heeft opgewekt" [3]) en in 'n later brief word gesê: ,,Gij kunt er op rekenen zoolang gij nog geen gevestigden Leeraar onder u hebt — het Bestuur der Synode zorgen zal dat er van tijd tot tijd door dezen of genen afgevaardigde Leeraar van ons

---

1) Kaapse Kerkargief S 14, pag. 32.
2) Idem
3) Idem, pag. 38.

Kerkgenootschap de dienst onder u zal worden verricht."[4])



DR. W. ROBERTSON.

Op die eerste skrywe van die Rietrivierse kerkraad het 'n tweede gevolg gerig aan die Moderatuur en gedateer ,,Groenekloof aan Riet Rivier, Den 18de October 1848." Dog in die tussentyd het

[4]) Kaapse Kerkargief S14, pag. 38.

daar 'n groot gebeurtenis plaasgevind. Die slag by Boomplaas was op 29 Augustus gelewer, met die Engelse as oorwinnaars teenoor die Boere Dié oorwinning het die bevestiging van die Britse bestuur in die ,,Oranje-Rivier-Souvereiniteit," wat reeds in Februarie van dieselfde jaar geproklameer was, beteken. In hul tweede brief verwys die kerkraad na hierdie ,,jongste beroering" waarop daar wel geen verdere gewapende teenstand van die kant van die Boere was nie maar wat tog groot verbittering veroorsaak het. Die kerkraad was in ieder geval dankbaar ,,voor de belangstelling welke Uw Hoog-Eerw. zo naar onze wensch en Bede hebt betoond en voor uwe opgewekt gevoelen zulks verder te willen doen om onze welzijn te bevorderen, nog meer daar wij het geluk hebben ook van Uw Hoog Eerw. te vernemen dat zulks ook het geval met onze tegenwoordige Gouverneur is."[5])

Dr. A. Faure het dadelik pogings in die werk gestel om, in oorleg met die Moderator Synodi, deur middel van 'n omsendbrief[6]) die toestemming van die lede van die Sinodale Kommissie tot 'n tweede afvaardiging te verkry. Hierdie kommissie deur die Sinode van 1842 in die lewe geroep, het die reg en mag gehad om die belange van die Kerk waar te neem ,,wanneer de Algemene Kerkvergadering niet byeen is."[7]) In die omsendbrief is aanhaling gedoen van die volgende aanbeveling van die eerste deputasie: ,,Als allernoodzakelijkst beschouwen wij het dat er zoo spoedig mogelijk Leeraars onder hen [de Uitgewekenen] gezonden worden om geregeld onder hen te arbeiden . . . . of daar die zoo spoedig

[5]) Kaapse Kerkargief S14, pag. 40.
[6]) Idem, S 15.
[7]) Wetten en Bepalingen, 1842, art. 19.

niet zal kunnen plaats vinden, kunnen wij niet dringend genoeg aanbevelen dat een of meer van onze medebroeders thans binnen de grenzen arbeidende op dezelfde wijze als wij tot hen gezonden worden."[8]) Byna al die lede van die Kommissie het geredelik hul toestemming tot 'n tweede afvaardiging gegee — slegs was Di. T. J. Herold van Stellenbosch en J. C. Moorrees van Swartland besorg oor die sware koste wat daaraan verbind sou wees, maar toe die Scriba van die kommissie die versekering gee ,,dat de onkosten door het Gouvernement zullen worden betaald" [9]) het niemand enige verdere beswaar gemaak nie. Gevolglik is 'n tweede deputasie benoem, wat, omrede dat die eerste kerkrade in die gemeentes benoorde die Oranjerivier reeds aangestel was, alleen uit predikante Dr. W. Robertson en Dr. Philip Faure, met uitsluiting hierdie keer dus van ouderlinge, bestaan het. Die offisiële opdrag aan hulle gegee was ,,om alle zoodanige maatregelen in Vereeniging met de Uitgewekenen te nemen, waarop in hunne geestelijke behoeften op een geregelde wijze kan worden voorzien."[10])

Reeds in die eerste brief van die Actuarius Synodi aan die lede van die Sinodale Kommissie insake die wenslikheid van 'n tweede afvaardiging is meegedeel ,,dat de HoogEd. Hooge Commissaris [Sir Harry Smith] zoo volkomen overtuigd is van den invloed welken de verrigtingen des Leeraars (Murray en Albertyn) hebben gehad op de bevordering van de rust des lands, dat Hoogstdezelve niet alleen zijn verlangen heeft te kennen gegeven dat van wege ons Kerkbestuur


[8]) Kaapse Kerkargief, S 15.
[9]) Idem, dat. 3 Augustus 1848.
[10]) Idem.

eene dergelijke Commissie worde afgezonden, maar ook zich genegen en bereidwillig verklaard heeft dezelve naar vermogen behulpzaam te zijn."[11]) En die Sinodale Kommissie het sy toestemming tot die afvaardiging verleen ,,mits zulks geschiede zonder bezwaar voor het Kerk- en Synodale Fonds."[12]) Die Kommissie sou dadelik aanstalte vir die vertrek gemaak het, maar net omtrent dieselfde tyd het die protes van die Boere teen die anneksasie van die Oranjerivier-gebied oorgeslaan in 'n gewapende verset waarop gevolg het die verjaging van die Engelse uit Bloemfontein (Julie 1848) en die slag van Boomplaas (29 Augustus d.o.v.). Sodra egter die wanordelikhede verby was, het Dr. P. E. Faure by die Goewerneur aansoek gedoen om 'n goewermentswa en -tent vir die reis en in die aansoek maak hy melding dat hy met genoeë verneem het ,,from His Excellency, whose exertions to quell that wicked rebellion the Almighty has graciously blessed, how desirable after such a state of excitement the administrations of the Gospel of peace."[13]) 'n Spesiale wa wat £62 gekos het, is dadelik gereed gemaak[14]), maar 'n tent was nie verkrygbaar nie.[15]) Wat betref die verdere koste van die reis het Dr. Faure aan die hand gegee ,,that we defray our own expenses on the road and that our outlay be reimbursed on our return."[16]) Hiermee het die Goewerneur akkoord gegaan, ,,apprehending it might injure the cause if the expenses were advanced by the Government."[17]) Dr. Faure sou op 16 Oktober 1848 van Wynberg vertrek en

---

11) Kaapse Kerkargief S15, dat. 7 Julie 1848.
12) Idem, dat. 3 Augustus 1848.
13) Kaapse Staatsargief, C.O. 1080.
14) Idem.
15) Idem, C.O. 1592.
16) Idem, C.O. 1080.
17) Idem.

Dr. Robertson op Swellendam oplaai, maar nog het hy eers die jaarlikse Ringsvergadering (begin Oktober) bygewoon en reeds toe het die kwessie omtrent die bestryding van die onkoste opspraak verwek. Die afgevaardigdes van Kaapstad wou weet ,,ten wiens laste die kosten komen zullen en



DR. P. FAURE.

wel omdat de beantwoording van die vraag van dien aard zoude kunnen zijn dat zij zoo voor henzelven als voor hunne constituenten zouden moeten verklaren zich daarmede niet te kunnen vereenigen." [18]) Die ouderling, Dr. J. de Wet van Kaapstad veral het stellig verklaar ,,van oordeel te wezen dat het allernoodzaaklikst is aan de ledematen der Gereformeerde Kerk eene openbare verzekering te geven dat de Commissie van Predi-

---

[18]) Kaapse Kerkargief, R. 15.

kanten welke naar de Uitgewekenen staat te vertrekken daarheen gaat met zuiver Kerkelijke oogmerken en in dat opzigt onder geenen invloed hoe ook genaamd van de regeering staat."[19]) Dr. Faure, wat voorsitter van die vergadering was, het geantwoord ,,dat zoodanige vraag hier niet te pas komt"[20]), en toe die lede onder mekaar oor die kwessie nie tot eenstemmigheid kon kom nie, is uiteindelik besluit ,,om overeenkomstig de aanwijzing van den Voorzitter te handelen en aan de Synodale Commissie de [pertinente] vraag te doen —op wiens kosten deze Commissie aan het haar opgedragene voldoen zal."[21]) Die vraag is onmiddellik gestel maar die antwoord is van kerkweë nooit offisieel gegee nie, want in die afwesigheid van Dr. P. Faure het die waarnemende praeses van die Sinodale Kommissie, Dr. S. P. Heyns, voorlopig geantwoord dat ,,die vraag by hare terugkoms aan de Commissie zelve gerigt worde, die het best daarop zal kunnen antwoorden."[22]) En daarmee was die saak in die doofpot gedoen, hoewel dit weer opgebring is soos later sal blyk.

Eindelik het die afreis dan tog aangevang, nadat vooraf daarvan kennis gegee is sowel aan die Ringe as aan die Regering in Trans-Oranje. Die Ringe het opdrag ontvang om aan die afgevaardigdes ,,gedurende hunne reis in die openbare gebeden" te gedink.[23]) En aan Richard Southey, sekretaris van die goewerment in die destydse ,,Oranje-Rivier-Souvereiniteit" het Dr. A. Faure geskryf dat die afgevaardigdes spoedig in die geweste sou wees ,,to commence their peaceful

---

19) Kaapse Kerkargief R15.
20) Idem.
21) Idem.
22) Kaapse Kerkargief, S 15.
23) Idem.

operations of preaching the Gospel of Christ."[24]) terwyl hy Southey self toegewens het ,,that your labours may be abundantly blessed in promoting the welfare of the inhabitants of those parts of the Colony, where your time and talents are now employed."[25]) Op die lang reis het daar heelwat interessante en soms ook sensasiewekkende episodes plaasgevind. Ek noem 'n paar wat ontleen word aan briewe wat Dr. Robertson geskrywe het aan die Kaapse Goewerneur, met wie hy gedurigdeur in voeling gebly het.

Op Boomplaas het Drs. Robertson en Faure 'n besoek gebring (20 Nov.) aan die toneel waar die slag gelewer en die pas gedolwe grafte van die Britse gesneuweldes te sien was. 'n Paar van die gewondes het nog geleef en daaronder 'n jong offisier Steele, met wie die predikante gepraat en gebid het en wat 'n paar dae later oorlede is.[26]) Aan die kant van die Boere het slegs sewe man geval, terwyl daar vyftig Engelse gedodes of gewondes was. Dit moet 'n skerp geveg gewees het. Sir Harry Smith het self bevel gevoer en moes byna sy lewe inskiet, want twee boere, Adriaan Niemand en Sarel du Plessis, het op hom geskiet en die een se koeël het die Goewerneur se perd se kop getref, terwyl die ander een deur een van sy stiegrieme gegaan het. Sir Harry was 'n dapper krygsman wat aan die sy van Wellington by Waterloo geveg en daar sy louere verwerf het. Die Boere was onder aanvoering van 'n ewe dapper vegsman — Kommandant-generaal Andries Pretorius, die held van Bloedrivier. Reeds voor die slag gelewer was, is hy deur Smith voëlvry verklaar en 'n prys van £1,000 op sy hoof gesit.

---

[24]) Kaapse Staatsargief, C.O. 1095.
[25]) Idem.
[26]) Kaapse Staatsargief, C.O. 1080.

Aan die Sandrivier by 'n uitspanning het 'n leeu in die nag die predikante se perde aangepak en twee van die diere so beseer dat hulle vir verder gebruik heeltemal nutteloos was. As die aanval in daglig geskied het, dan meen ek, sou Dr. Faure, wat seker 'n geweer saamgeneem het, die aanvaller van kant gemaak het, want hy was 'n goeie skut—te oordeel na die dapperheid waarmee hy hom as teologiese student aan die Utrechtse Hoëskool in die tiendaagse veldtog van 1831 tussen Nederland en België só onderskei het dat aan hom die metalekruis toegeken is, waarop hy baie trots was en wat hy dikwels op sy bors gedra het, soos op sy newensgaande portret te sien is. Hierby moet vermeld word dat sy mede-Afrikanerstudent, J. C. Moorrees, die vader van Prof. Moorrees, wat ook predikant geword het, hom in dieselfde veldtog eweneens onderskei en dieselfde erkenning ontvang het. Albei Afrikaners het aangesluit by die ,,Kompagnie Vrywillige Jagers der Utrechtse Hoogeschool." En ek besit in my biblioteek die oorspronklike ,,Verlofpas" wat die kaptein by Tilburg verleen het op 20 Junie 1830 aan ,,den Jager P. E. Faure om op heden zich te begeven naar het kamp, zullende hij gehouden zijn op den avond van den twee-en-twintigsten dezer wederom in zijn garnisoen zich te bevinden."[27])

Maar ons is nou te ver weg op die grense van Holland en België en moet dadelik terug na die Magaliesberg in Transvaal, waar die predikante Robertson en Faure die beroemde reisiger en berugte sendeling, David Livingstone, ontmoet het —en wat 'n sonderlinge ontmoeting was dit! Theal gee die deputate se beskrywing daarvan in

---

[27]) Dokument vriendelik aan my biblioteek geskenk deur Mnr. P. E. Faure, magistraat van Nylstroom, kleinseun en naamgenoot van Dr. P. E. Faure.

aanhalingstekens[28]) sonder om die bron waaraan hy dit ontleen te noem en wat nou nêrens in die Argief te vind is nie. Heelwaarskynlik was dit 'n verslag aan die Goewerneur of 'n private brief aan een of ander vriend wat in Theal se hande gekom maar op die een of ander wyse verlore gegaan het. In die amptelike verslag van die Sinodale Kommissie word daar nie 'n woord van gerep nie. Die geval was dat Livingstone begerig was om in die gebied van die Boere 'n skool vir inboorlinge met 'n kleurling aan die hoof te open en hy het die tussenkoms van die twee predikante gesoek om die tevore reeds gevraagde toestemming daartoe te verkry. Die toestemming was deur Kommandant Potgieter geweier, nie omdat hy teen sendingwerk was nie, maar omdat Livingstone in die verlede misbruik gemaak het van voorregte aan hom toegeken deur die naturelle van gewere en ammunisie te voorsien waarmee hulle gewelddadighede gepleeg het. Die bewering het die kommandante aan die predikante gemaak en hulle sou dit in Livingstone se teenwoordigheid herhaal op 'n sekere plek en tyd by 'n ontmoeting waartoe sowel die kommandante as Livingstone ooreengekom het, te wete Hekpoort, die woonplaas van Kommandant Gert Kruger aan Magaliesberg, waar die godsdiensoefeninge op 20 en 21 Desember 1848 gehou is. Livingstone het hom nie aan die ooreenkoms gehou nie, want toe na afloop van 'n diens die ontmoeting en onderlinge bespreking sou plaasvind, was hy soos 'n groot speld spoorloos verdwyn. Geen wonder dat die kloof wat reeds vroeër tussen die Boere en Livingstone ontstaan was, deur hierdie insident groter geword het nie. Hieromtrent skryf prof. J. I. Marais: ,,De boeren hadden zekere grieven tegen Dr.

[28]) *History of South Africa,* Deel III, p. 393.

Livingstone zelf. Die hadden gemakkelijk weggeruimd kunnen worden. En daartoe bood juist de tegenwoordigheid der Synodale deputatie de kostelijkste gelegenheid. Toen Dr. Livingstone heenging zonder die commissie te groeten, of tot een samenspreking met de boeren te komen over hun wederkeerige grieven, verwekte dat heengaan reeds groote verontwaardiging," en dit het later groter moeilikhede verwek.[29]) Dr. Livingstone hoef tog nie vir 'n onsimpatieke houding van hierdie twee Hollandse predikante te gevrees het nie, want Dr. Robertson was nes hy 'n Skotse predikant en Dr. Faure 'n vurige voorstander van sendingwerk. Dis bekend dat die Boere later (in 1852) Livingstone se huis op Kolobeng aan brand gesteek het. Dit was egter nie te verwonder nie, want toe die Kafferopperhoof Setyeli hom teen die Boere verset en hulle tot 'n oorlog uitgetart het, is dit te begryp dat hulle die sendeling en die opperhoof vereenselwig en weinig respek vir die sendingwerk op Kolobeng getoon het. In hierdie verband kan aangehaal word wat daardie vermaarde Boere-sendeling Stephanus Hofmeyr van Zoutpansberg meedeel: ,,Ik heb het van een geloofwaardigen godvrezenden ouderling onzer Kerk, dat uit dat woonhuis van Dr. Livingstone —tijdens zijne afwezigheid—op de burgers geschoten werd gedurende den oorlog tegen Setyeli. 't Spreekt van zelf de burgers hebben toen het huis vernield. Boeren-haters zeggen nu: de Boeren hebben het huis van den Zendeling verwoest uit haat tegen de Zending. Onbekenden en sommige anderen zeggen: Ja, het is zoo! Wij die van zulke dingen weten zeggen: Het Zendinghuis heeft het zwaard genomen, en is—

---

[29]) *Het Gereformeerd Maandblad,* Deel VIII, No. 8, Desember 1898.

naar Matth. 26 : 52 door het zwaard vergaan."[30]) Dog genoeg hieroor. Livingstone mag 'n groot reisiger gewees het — 'n groot sendeling was hy nie. Prof. J. du Plessis, ons bekende betroubare sendinghistorikus sê: ,,Livingstone was van die begin af meer 'n baanbreker en 'n ondersoeker as 'n geduldige en volhardende sendeling." [31]) En met dié aanhaling breek ek af om 'n verdere beskouing oor die afvaardiging se werk in die volgende hoofstuk voort te sit.

---

[30]) *Het Geref. Maandblad*, Februarie 1899.
[31]) In sy *Christian Missions in South Africa*, pag. 249.

# VII.

## RESULTATE VAN DIE KERKLIKE DEPUTASIEWERK.

Die afvaardiging van 1848-1849 bestaande uit Drs. W. Robertson en P. Faure was natuurlik bewus van die agterdog wat gewek is deur hulle aanname van die Goewerneur se aanbod om hul onkoste uit die staatskas te betaal. En daarom te meer het hulle so versigtig moontlik te werk gegaan. ,,We have abstained in our services from allusion directly to Rebellion," skryf Dr. Robertson aan die Goewerneur, hoewel hy daarby voeg: ,,But we embrace every opportunity of speaking very candidly with those who are said to be affected, in private . . . and we generally take care to obey the apostolic command by praying for the Queen and all in authority."[1]) Dat Dr. Robertson 'n vurige voorstander was van die Britse anneksasie-politiek is duidelik o.a. uit sy aanbeveling aangaande die naturellevolke ,,that they might not be included in the Sovereignty, but at the same time be placed under British Law."[2]) En die Goewerneur het dan ook later, nadat die deputasie teruggekeer was, aan hulle 'n dankbetuiging gerig waarin hy gewag maak van ,,the importance I attach to your joint and able exertions to promote social order and content among a people so rapidly progressing in paths of error and ignorance." [3]) Sir Harry Smith het selfs

---

[1]) Kaapse Staatsargief, C.O. 1080.
[2]) Idem, C.O. 1137.
[3]) Geschiedenis der Ned. Ger. Kerk door J. I. Marais, Deel 1, pag. 199.

aan die graaf Grey, destydse sekretaris vir die Kolonies in 'n *dépêche* gewag gemaak van die uitstekende dienste van die deputate, ,,two ministers of the Dutch Reformed Church who by my assistance were sent by the Synod of that church among the emigrants for their spiritual benefit." In dieselfde skrywe sê hy: ,,The character of the Dutch Farmer is peculiar; he is kind and hospitable, affectionate and grateful for kindness when



DR. S. P. HEYNS.

really convinced of its sincerity, inclined to be very religious and entertaining the highest respect for the Ministers of his church."[4]) Smith was dus goed en nogal gunstig bekend met die Boerekarakter en het die beste verwagtings van die invloed van die predikante gekoester.

---

[4]) Kaapse Staatsargief, C.O. 1454, pag. 464.

Veral was die geestelike invloed op kerklike gebied deur die deputate uitgeoefen groot. As gevolg daarvan is daar in die teenswoordige Vrystaatse gebied twee gemeentes van die Ned. Geref. Kerk gestig t.w. op Smithfield en Bloemfontein, terwyl op Sannaspoort, waar reeds deur die vorige afvaardiging 'n gemeente (nou Fauresmith) in Maart 1849 opgerig was, die Nagmaal vir die eerste maal sedert die begin van die Groot Trek deur Ned.-Geref. predikante benoorde die Oranjerivier bedien is. Aan hierdie plegtigheid op 9 November 1849 is deur 32 lidmate deelgeneem, en daar die predikante met die mense onbekend was en aangesien dit ook die eerste nagmaalsviering n dié geweste was, is van die nagmaalgangers gevorder ,,dat zij van hun voornemen vooraf ons [die predikante] zouden verwittigen, opdat wij hen onder de aandacht der opzieners [kerkraadslede] zouden kunnen brengen, en wij ons met hen konden onderhouden over het gewigt dier heilige inzetting welke zij stonden waar te nemen.[5]) Op Smithfield is 'n afsonderlike gemeente op 25 November 1849 gestig en 'n kerkraad gekies, en van die twaalf dienste daar gehou, het een in Engels plaasgevind. Op Bloemfontein het daar 'n paar dae later eweneens gemeentestigting en kerkraadsbenoeming met evangelie- en sakramentsbediening plaasgevind. Hier was die Britse Resident, Majoor Warden, woonagtig, wat die predikante op die hartlikste manier ontvang en gasvryheid betoon het. Op versoek van die Resident is hier ook 'n Engelse diens deur Dr. Robertson gehou, hoewel die soldate dit blykbaar nie baie op prys gestel het nie, want in 'n brief aan Sir Harry Smith het die predikant gekla dat ,,to the Major's great disappointment and regret and annoyance,

---

[5]) Kaapse Kerkargief, S. 15

during the service we saw them walking about, and many passing and repassing within 20 yards of where I was conducting the service."[6]) Daar en elders was die eenvoudige boeremense baie eerbiediger by en erkentliker oor die godsdiensoefeninge.

Van Bloemfontein het die afvaardiging Winburg besoek. Daar het hulle in vriendskaplike aanraking gekom met Richard Southey, wat as gedeputeerde sekretaris van Sir Harry Smith net uit Transvaal teruggekeer was van 'n konferensie ter reëling van sake tussen Engeland en die Boere anderkant die Vaalrivier. As resultaat van hierdie Konferensie het Sir Harry te kenne gegee dat die Britse Regering geneig was om die Boere oor die Vaalrivier heeltemal vry te laat in hul bestuur, onder voorwaarde dat die benoeming van hul amptenare om van krag te wees deur die gemelde Regering goedgekeur moes word. Natuurlik het die volk hierdie voorstel met sy vernederende bepaling verwerp. En dié verwerping het tot verdere onderhandeling gelei wat uitgeloop het op die Sandrivier-Konvensie, 17 Januarie 1852, waardeur die volle onafhanklikheid van Transvaal deur Engeland gewaarborg is. In oorleg met Southey en die Winburgse kerkraad het die predikante skikkinge getref vir hul verdere reis na Transvaal sover as die Magaliesberge. By hul werksaamhede op Winburg en Potchefstroom hoef nie lank stilgestaan te word nie, aangesien daar reeds georganiseerde gemeentes bestaan het. Oral is hulle met groot toegeneentheid ontvang en vriendelik bejeën, hoewel daar in die begin hier en daar 'n mate van agterhoudendheid en agterdog te bespeur was, wat ook te begryp was, dog later het dit verdwyn. Aan die Magaliesberge

---

[6]) Kaapse Staatsargief, C.O. 1137.

het hulle die eerste stappe gedoen wat aanleiding gegee het tot die stigting van die gemeente Rustenburg in 1850.

Op hul terugreis na die Kolonie het Drs. Robertson en Faure deelgeneem aan die plegtige verrigtinge in verband met die hoeksteenleggings van die eerste Ned. Geref. kerkgebou in die Vrystaat op Bloemfontein.

Hulle is in Februarie 1849 in Kaapstad teruggekeer na 'n afwesigheid van byna vier maande Hulle het toe volledige verslag van hul deputasiewerk gepubliseer[7]) en daarin gee hulle hierdie opsomming: ,,Wij hielden gedurende onze Zending waartoe wij eene reis van ruim 3000 mijlen hebben afgelegd, openbare Godsdienstoefeningen op 17 onderscheidene kerkplaatsen, bedienden het Bondzegel des H. Doops aan 930 kinderen, namen 628 tot leden onzer kerk aan, vierden het H. Avondmaal op 11 plaatsen met 550 communicanten en hielden 113 openbare Godsdienstoefeningen behalve dat wij nog op zeer vele plaatsen, waar wij geene diensten hadden aangekondigd, maar nogtans goede gelegenheid vonden, het Woord des levens hebben mogen verkondigen. Wij berekenen dat het getal onzer geloofsgenooten, aan welke wij het Evangelie gepredikt hebben ruim 4,000 beloopt." 'n Rekord voorwaar wat getalle betref! Uit die verslag blyk verder duidelik dat hulle besoek oral hoog gewaardeer en hul prediking baie op prys gestel is. Aan dankbetuigings het dit dan ook uit Transvaal sowel as uit die Vrystaat nie ontbreek nie. ,,Moge de God der liefde de [Kaapse] Synode zegenen en kracht geven het werk der genade meer en meer te bevorderen — dit is de hartelijke wensch van ons allen die zich onder het prediken in deze dagen, door de

---

[7]) In brosjurevorm uitgegee, Kaapstad, April 1849.

Eerw. heeren Faure en Robertson aan ons afgedwaalden toegewijd, verkwikt en vertroost gevonden hebben"—so het vooraanstaande kerkmanne en volksleiers uit Transvaal aan die Kaapse Sinode geskryf.[8])

Uit die Vrystaat het brief na brief eweëens dieselfde gees van erkentlikheid en dankbetuiging geadem, terwyl ook aan die deputate self nog voor hul vertrek van verskillende kante die hartlikste bedankinge vir hul dienste gegee is met die bygevoegde versekering deur die kerkraad van Potchefstroom, verteenwoordigende die oudste gemeente in Transvaal, dat hulle hul beskou as onder die bestuur van die Kaapse Sinode te staan.

Jammer dat daar 'n dooie vlieg was wat die apteker se salf stinkende gemaak het. Immers, die vraag omtrent die betaling van die Sinodale afvaardiging se onkoste het weer opgedoem. Dit sal onthou word dat die vraag deur die Ring van Kaapstad aan die Sinodale Kommissie gestel was en dat die agerende praeses van die Kommissie, Dr. S. P. Heyns van Kaapstad, dit as sy oordeel uitgespreek het ,,dat die vraag by hare terugkoms aan die Commissie zelve gerigt worde, die het best daarop zal kunnen antwoorden."[9]) Hierdie antwoord is deur hulle by hulle terugkeer nie gegee nie, en toe aan die Ringsvergadering van Oktober 1849 in dié voege gerapporteer word, het ouderling Dr. J de Wet van Kaapstad die aandag bepaal ,,bij den nadeeligen indruk dien de twijfel daaromtrent gemaakt heeft en die niet uitgewischt kan worden dan door eene desaangaande verklaring waaruit overtuigend blijken kan dat die Zending geen andere dan eene godsdienstige strek-

[8]) Van Vaalrivier, 28 Desember 1848.
[9]) Kaapse Kerkargief, S. 15.

king gehad heeft."[10]) Hierdie aanhaling toon dat agterdog gewek was deur die uitgelekte gerug dat die onkoste uit die staatskas sou betaal word. Gevolglik was daar 'n voorstel van die Scriba in die Ringsvergadering om die vraag aan die Sinodale Kommissie te herhaal, maar dit is verwerp, terwyl Dr. Heyns voorgestel het: ,,De Ringsvergadering




OUD. DR. J. DE WET.

geve hare gevoeligheid te kennen dat de vraag aan de H. Ew. Syn. Com. gedaan betrekkelijk de kosten tot vervoer der Commissie benoemd tot het bezoeken der Uitgewekenen niet beantwoord — zelfs de ontvangst des briefs, bevattende de vraag niet erkend is." Dog voordat hierdie voorstel in stemming gebring is, staan Dr. Abraham Faure, die Scriba van die Sinodale Kommissie op

[10]) Al die verdere aanhalings in hierdie paragraaf is uit die Kaapse Kerkargiefstuk gemerk R. 15.

en gee te kenne dat hy die vraag aan die Kommissie sal voorlê, waarop die voorstel teruggetrek is. By al hierdie diskussies het die gewese deputaat, Dr. Philip Faure, die stilswye bewaar, maar hy is daarna gedwing om 'n antwoord te gee toe sy broer, Dr. Abraham, aan die lede van die Kommissie 'n omsendbrief stuur waarin hy hulle individuele gevoel omtrent die saak vra, nadat hy daarin erken het ,,dat door hem verzuimd is de




DR. A. ROUX.

ontvangst van den brief van den Kaapstadschen Ring te erkennen." Hierdie versuim was laakbaar en 'n mens sou dit nie van 'n man soos Dr. Faure verwag het nie. Dr. Philip Faure se gevoele as voorsitter van die Sinodale Kommissie was ,,dat het niet gepast was voor de Ringsvergadering *die* vraag te doen, daar de uitzending geschiedde door die Synodale Commissie, die van hare

handelingen rekenschap te geven heeft aan de H. Eerw. Synode." Met hierdie gevoel het die meerderheid van die Sinodale Kommissie hom verenig en die meerderheid het ingesluit die ander deputaat, Dr. Robertson, asmede Di. G. W. A. van der Lingen en Andrew Murray, snr. Dr. Abraham Faure het as Actuarius geantwoord: ,,Uit de Synodale kas weet ik, als Quaestor, dat niets zoo door de eerste als tweede Commissie betaald is — en die vraag kan dus alleen door de Leden dier Commissiën worden beantwoord," terwyl Drs. A. Roux en J. W. L. Scholtz totaal verskil het van die mening van die meerderheid. Eersgenoemde het geantwoord ,,dat de Synodale Commissie van hare handelingen geen rekenschap verschuldigd is aan de Ringen, maar wel aan de *Synode,* zal wel niemand ontkennen. Doch er is een groot onderscheid tusschen rekenschap geven en nader informatie in eene medegedeelde zaak te verzoeken . . . De Ring van Kaapstad wenscht te weten door wien kosten [van die deputasie] zullen gedragen worden . . . waarom zou men nu het antwoord schuldig blijven? Achterhoudendheid verwekt achterdocht en achterdocht wantrouwen en dat moet zooveel mogelijk voorkomen worden. Indien de vraag beantwoord moet worden, zal zulks dunken mij het best kunnen geschieden door de Broeders die de Commissie uitgemaakt hebben." Dr Scholtz het hom nog sterker en skerper uitgedruk as volg: ,,Het bevreemdt mij ten hoogste te zien, dat men weigert of althans in twijfel staat aan eene hogere Kerkvergadering eene vraag te beantwoorden, die mijns inziens ieder lid van ons Kerkgenootschap gerechtigd is te doen. Temeer verwondert het mij dat men dit weigert, na hetgeen Z.E. de Gouverneur aangaande die missie openlijk gezegd, en voor zooverre ik weet, nimmer herroepen heeft. Waartoe deze geheimhouding?

Geheimhouding niet gebezigd tegen eene vijandelijke magt buiten de Kerk, maar van Besturen van hetzelfde Kerkgenootschap onderling!" Dr. Scholtz het die pertinente vraag gestel: ,,Is het ongepast in eene Hogere Kerkvergadering dat zij den blaam—dat Leeraren onzer Kerk de godsdienst tot het bereiken van staatkundige doeleinden misbruiken—door de stukken wederlegd



DR. J. W. L. SCHOLTZ.

wenscht te zien? Of moet zij zich vergenoegen wanneer de personen die afgezonden zijn, gelieven te zeggen dat zij zulks *niet* hebben gedaan? Of moet zij wachten tot over vijf jaren wanneer [as die Sinode gehou word] er gras over gegroeid is . . . Ik ben dus van oordeel dat het weigeren om de gedane vraag te beantwoorden eene onwaardige kleingeestigheid in de Synodale Commissie

zou verraden of dat zij voor haar zwijgen gronddiger redenen hebben moet dan de onbeduidende — dat eene hogere Vergadering aan eene mindere geen verantwoording schuldig is." Dit is 'n skerp protes waarby dit egter gebly het, want soos reeds gesê, het die Sinodale Kommissie by meerderheid van stemme verklaar „dat die vraag aan den Ring van Kaapstad niet kan worden beantwoord, daar de Synodale Commissie van hare verrigtingen alleen verslag verschuldigd is aan de H. Ew. Synode." En toe het dit met die kwessie gegaan presies soos Dr. Scholtz voorspel het, want toe die volgende Sinode in 1852 vergader, is die saak in die doofpot gedoen of heeltemal vergeet en die verantwoording is nie eens aan die Sinode gegee nie. En vandag na 80 jaar beantwoord die Argief die vraag onbewimpeld deur die offisiële stukke wat op die saak betrekking het.

Dr. P. E. Faure het 'n rekening van hul onkoste van die volgende inhoud aan die Regering ingestuur:

MEMORANDUM OF EXPENSES.[11])

| | | | |
|---|---|---|---|
| Harness ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | £20 | 5 | 0 |
| Provisions ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 29 | 7 | 0 |
| Sundry necessaries ... ... ... ... ... ... | 4 | 17 | 0 |
| Repairs to Harness, Harness, etc. ... | 13 | 3 | 0 |
| Servant ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |
| Fees to waggondrivers, servants, etc. | 3 | 17 | 0 |
| Relays ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 133 | 0 | 0 |
| Discount of a Bill of £300 for 6 mos. | 9 | 0 | 0 |
| | £218 | 9 | 0 |

[11]) Kaapse Staatsargief, C.O 1122.

Onder ,,Relays" was inbegryp die onkoste bestee aan die reparasie van die wa wat in die Bokveld gebreek het. Met die breek van die wa was hulle verplig om die tuie op Worcester agter te laat, waar die Siviele Kommissaris moes probeer om dit te verkoop, hoewel dit na so 'n lang reis nie veel werd was nie. Daar is onmiddellik outorisasie gegee tot uitbetaling van die onkoste uit die staatskas asmede tot terugbetaling van die persoonlike onkoste van die deputate, wat volgens hul opgaaf £81 11s. bedra het.[12]) Die betalings het op las van die Koloniale Kantoor deur die Hoë Kommissaris se sekretaris, R. Southey, geskied. Hier is dus 'n betroubare openbaarmaking van die hele waarheid omtrent die kwessie van die onkoste en sekerlik is dit te betreur dat daar agterdog gewek is deur die geheimhouding in verband daarmee. Dit het 'n bitter nasmaak in kerklike kringe aan die Kaap veroorsaak en selfs in die verre Europa 'n onaangename naklank verwek. In Holland naamlik is in 'n maandskrif die beskuldiging gemaak dat ,,de Engelsche naburen eene Commissie van twee Kaapsche Leeraars afgevaardigd hebben, die in last hadden met de Uitgewekenen te onderhandelen, en hen bij beloofde onderwerping van geestelijke verzorging wilden voorzien."[13]) Op hierdie voorstelling het Dr. P. E. Faure, een van die deputate, 'n gepaste teregwysing gepubliseer[14]), waarin hy o.m vra: ,,Indien toch die Commissie door het Engelsch Gouvernement ware uitgezonden, hoe konde zij dan bij hare eerste ontmoeting met de Uitgewekenen plegtig aan deze verklaard hebben dat zij uitgezonden was door de Synodale Commissie enkel ter bevordering van hunne geestelijke be-

[12]) Kaapse Staatsargief, C.O., 1122.
[13]) De Boekzaal der Geleerde Wereld, April 1850.
[14]) *De Kerkbode*, Kaapstad, 2 November 1850.

langen? Indien gemelde Commissie zulken last had—hoe ontrouw heeft zij zich aan dien last betoond door, gelijk zij rapporteerde, voor haar overtrekken van de Vaalrivier, vastelijk te besluiten, met die lieden aldaar buiten Britsche gebied wonende, geen woord te wisselen over hunne Politieke aangelegenheden?" Die skrywer voeg dan daarby: ,,Hadden de Leeraars, die gemelde Commissie hebben uitgemaakt, zich zulken last van de Regeering laten opleggen, zij zouden het moeijelijk vinden bij het Hoogste Kerkbestuur zich te verantwoorden van aldus tot politieke handlangers van het Gouvernement zich te hebben laten gebruiken, en hunne heilige Bediening der Staatkunde als hulpmiddel in handen te stellen." Dit is goed dat Dr. Faure hierdie sterk teregwysing wêreldkundig gemaak het, hoewel hy in hierdie verband seker nie heeltemal kon los kom van die waarheid van die spreekwoord: wie se brood jy eet, die se woord jy spreek. Gelukkig ook het die Volksraad uit Lydenburg, Transvaal, protes aangeteken teen die beskuldiging uit Nederland. ,,Wij vinden ons gedrongen," so het H. T. Bührmann verklaar in 'n brief wat namens die Volksraad aan Dr. P. E. Faure gerig is, ,,bij deze te verklaren dat het uittreksel uit *Die Boekzaal der Geleerde Wereld* voor Mei 1850 [wat die beskuldiging bevat] geheel bezijden de waarheid is, en dat wij daaraan geen schuld hebben."[15]) En daarby is die saak vir eers gelaat. In sy verdediging het Dr. Faure nog gesê: ,,De Commissie werd bij haar aanzijn onder de Uitgewekenen dringend aangezocht om bij de Synode van Zuid-Afrika te bewerken dat zij van eenen Leeraar voorzien mogten worden."[16])

---

[15]) *De Kerkbode*, Kaapstad, 31 Mei 1851.
[16]) Idem, Kaapstad, 2 November 1850.

## VIII.

## EERSTE VASTE PREDIKANTE.

Dr. E. P. Groenewald, van Bethulie, het by die openbare verdediging van sy akademiese proefskrif[1]) tot verkryging van die doktorsgraad aan die Vrye Universiteit van Amsterdam in een van sy stellinge die bewering van Prof. Dr. S. P. Engelbrecht „dat de Transvaalse Voortrekkers kerkelik door de Kaap Kolonie op onbroederlike wijze waren verwaarloosd" [2]), ontken as „strijdig" met die historiese feite en onbillik teenoor die Kaapse Kerk. Dit sou seker belangwekkend wees om die gronde wat hierdie jong geleerde aangevoer het om die bewering te weerlê, te verneem. Sekerlik is dit te sterk gestel wanneer die Kaapse Kerk van „onbroederlike" verwaarlosing beskuldig word. Maar dat daar, veral gedurende die jare van die Groot Trek (1836-1843), toe die Kerk nog onder die knellende en kwellende bande van die staat gebuk gegaan het, verwaarlosing en versuim was, het ek reeds met opgaaf van oorsake daarvoor in vorige stukke aangetoon. Een van die oorsake was die skaarste van predikante, hoewel dit daarom die aandag tref dat daar tussen die gemelde jare 'n agtal jong Afrikaner-predikante gelegitimeer en dus beskikbaar was, t.w. Drs. S. P. Heyns, A. Roux en J. W. L. Scholtz en Di. P. B. Borcherds, A. F. du Toit, P. K. Albertyn, W. A. Krige en J. F. Berrangé. Dog almal is geplaas in gemeentes wat

---

1) Getietel „*Koinônia* (Gemeenskap) by Paulus."

2) S. P. Engelbrecht, *Geschiedenis van de Nederd. Herv. Kerk in Zuid-Afrika*, Deel I, bls. 68, 1920.

lank vakant en op 'n leraar wagtende was. Een van hulle egter, Dr. Roux, moes selfs drie jaar op 'n aanstelling wag en 'n andere, Ds. P. K. Albertyn, is in 1840 werklik deur die Natalse Volksraad gevra om as predikant na Pietermaritzburg te kom. Die besluit heromtrent is met eenparige stemme geneem en het as volg gelui:

„Van den heer Steph's de Kok een brief aan den Raad omtrend een Leeraar der Gereformeerde gemeente, den Wel. Eerw. Heer P. Albertyn, door de gesamentlijke leden toegestaan den WelE. Heer te roepen tot Predikant onder ons. Enige vragen gedaan — als verlangd het algemeen hem — of een andere? Antwoord is — hem zijn er niet partijen, die een andere gekoozen heeft? Antwoord — Neen. Hoeveel zal de salaris zijn? — Voor de eerste jaar seker 100 pond sterling op zijn minst." [3])

Ongelukkig het Ds. Albertyn hom genoodsaak gevoel vir die aanstelling te bedank, hoewel 'n sekere weduwee F. Preller, van Kaapstad, aan die kommandant-generaal A. W. J. Pretorius geskryf het: „Aangaande den Eerwaarde Albertyn, ik heb zo een lopend gerucht gehoord dat hij van voornemen was na Port Natal te willen gaan."[4]) En 'n korrespondent uit Natal het in 'n Kaapse nuusblad[5]) gevra: „Wat doen onze Afrikaansche Leeraren, dat zij niet naar ons willen komen? Hebben die Wel-Eerwaarde Heeren geen nationaal gevoel? . . . . Zal de zoo zeer gerecommandeerde Heer Albertyn zich niet onder ons stellen." Dog die beroepene het bedank, soos reeds gesê, en toe hy later, in 1849, vir die twede maal na Natal beroep is, het hy andermaal bedank en as rede van die bedanking voortdurende liggaamsongesteldheid opgegee.

---

[3]) Preller, *Voortrekker Wetgewing*, p. 42, Art. 17 (7 Maart 1840).
[4]) Transvaalse Staatsargief, SS 1, R. 66/40.
[5]) *De Ware Afrikaner*, 4 Augustus 1840.

En so moes daar nog etlike jare verbygaan voordat die Voortrekkers anderkant die Oranjerivier die vervulling van hul langegevoelde en dikwels uitgedrukte behoefte gekry het, in die aanstelling van 'n eie, vaste predikant. Dié leraar was die jonge Ds. Andrew Murray, wat later die welbekende en vermaarde kerklike leidsman in Kaapland geword het en tewens ook in die hele Christelike wêreld as 'n vertroude geestelike leier bekend was. Gebore 9 Mei 1828 op Graaff-Reinet is hy na volbragte studie in Skotland en Holland op sy twintigste verjaardag in Den Haag georden en op 9 November 1848 in Kaapstad as beroepbare predikant van die Kaapse Kerk gelegitimeer. Die Goewerneur, Sir Harry Smith, wat met hom baie ingenome was en hom as leraar van Bloemfontein aangestel het, skryf in hierdie verband op 9 Februarie 1849 aan Dr. Robertson, wat pas met Dr. P. Faure van hul reis na Trans-Oranje teruggekeer was: ,,I have appointed the younger Mr. Murray [in onderskeiding van sy ouer broer John] to Bloemfontein. . . . . I hope you and Mr. Faure will correspond with this able and well educated youth." [6]) Volgens sy biograaf, Prof. J. du Plessis, het die Goewerneur by die aanstelling aan John gesê: ,,U is de oudste, en ik zal u derhalwe Burgersdorp als werkkring toekennen"; en vir Andrew: ,,Aangezien u de jongere is, vrees ik dat ik u naar Bloemfontein zal moeten zenden."[7]) Die Bloemfonteinse[8]) aanstelling het ge-

[6]) Prof. J. I. Marais, *Geschiedenis der N. G. Kerk*, Deel I, bls. 199.

[7]) Prof. J. du Plessis, *Het Leven van Andrew Murray*, bls. 83.

[8]) Die aanstelling was teen 'n jaarlikse salaris van £200 as predikant van Bloemfontein plus £50 p.j. as konsulent van Smithfield, Winburg, Fauresmith, Harrismith, vir reiskoste solank as die konsulentskap sou duur.

skied op aanbeveling van die Kaapse Actuarius, Dr. A. Faure, wat die aangestelde, wat toe by sy ouers op Graaff-Reinet vertoef het, daarvan kennis gegee en die kennisgewing geëindig het met die wens „dat het den Heere moge behagen UWelEerw's arbeid in die gewesten rijkelijk te



Ds. Andrew Murray,
as jong predikant, 1855.

zegenen en in alle opsigte door Zijn Heiligen Geest te besturen." Hoe oorvloedig hierdie wens vervul is, weet iedereen wat enigsins bekend is met die S.A. Kerkgeskiedenis. Ds. Murray het hom die aanstelling dadelik laat welgeval.[9]) Die brief waarin hy Ds. Faure van sy besluit in kennis stel, word nog in ons Kerklike Argief bewaar. Dit is die heel eerste offisiële brief uit sy pen, waaraan

[9]) Kaapse Kerkargief A.S. fol. 67.

nog nooit publisiteit gegee is nie en wat sowel om sy historiese waarde as sy belangwekkende inhoud hier mag aangehaal word. Dit het as volg gelui:

Graaff Reinet,
Den 23sten Maart, 1849

Hoog Eerw. Zeer Gel. Heer
Den Heere A. Faure B.D.
Actuarius der Synode.

Hoog Eerwaarde Heer!

Ik heb de eer de ontvangst te erkennen van U H. Eerw's brief van den 13den ll., waarin U H. Eerw. copy medegedeelt van mijne aanstelling als Predikant van Bloemfontein. Daar ik mij reeds te voren aan de Commissie naar de Uitgewekenen bereid verklaard heb om deze post te aanvaarden, en daar er tot nog toe niets in den weg gekomen is om mij de overtuiging te ontnemen dat ik in den weg des Heeren ben wanneer ik aldus handel, zoo wensch ik bij deze te verzoeken dat U H. Eerw. deze betrekking als door mij aangenomen wilt beschouwen. Ofschoon ik van het Gouvernement zelf nog niets vernomen heb, geloof ik toch dit berigt als officieel te mogen beschouwen en zal mij daarom met de eerstvolgende post naar den Kerkeraad van Bloemfontein wenden, met verzoek dat zij schikkingen maken waardoor ik zoo spoedig mogelijk als Leeraar van die gemeente bevestigd mag worden.

De Heere, met Wiens hulp ik dit werk wensch te aanvaarden, verhoore genadig uwe bede om een zegen op mijnen arbeid en schenke U H. Eerw. dien ook in rijke mate. Mijzelven verder in uwe voorbede aanbevelende, noem ik mij,


Hoog Eerwaarde Heer,

U H. Eerw's Dienaar en Broeder in den Heere,

Andrew Murray, Jr.

Dr. Murray is op 6 Mei 1849 deur sy vader op Bloemfontein bevestig. Verantwoordelik vir die bearbeiding van wat destyds die ,,Souvereiniteit" genoem was maar nou die Oranje-Vrystaat uitmaak, het hy onophoudelik van plaas tot plaas gereis met periodieke reise ook na die Transvaalse gemeentes. In 1850 is hy deur die kerkraad van


Mooirivier (Potchefstroom) beroep. Toe hy onder die beroep (waarvoor hy bedank het) staan, het 'n memorie van die kerkrade van die Ned. Geref. gemeentes van Potchefstroom, Rustenburg en



DR. ANDREW MURRAY, op gevorderde leeftyd.

Lydenburg aan die Sinodale Kommissie van die Kaap gerig, by hierdie Kommissie die vraag laat ontstaan of dit nie gebiedend noodsaaklik was om andermaal 'n afvaardiging na Transvaal te stuur nie. Hierop is bevestigend geantwoord toe die praeses van die Kommissie daarop gewys het dat daar sedert die vorige afvaardiging ,,van

wege de Kerk niets voor hen [die Transvaalse Voortrekkers] gedaan is." Weliswaar had Ds. Murray, van Bloemfontein, hulle herhaaldelik besoek, dog dit het hy uit eie beweging en nie



Ds. J. H. Neethling.

namens die Kaapse Kerk gedoen nie. Die gevolg van die onderhandelinge was die afvaardiging van 'n derde kommissie bestaande uit Di. Andrew Murray, van Bloemfontein, en J. H. Neethling, H.seun, destyds van Prins Albert. Tydens hul besoek (Maart—Junie 1852) is Soutpansberg as

afsonderlike gemeente gestig en is daar belangrike Kerkraadsvergaderings gehou. Op die vergaderings is besluite geneem wat uitgeloop het op die vasstelling van die voorwaardes waarop die bestaande Transvaalse gemeentes by die Sinode van die Kaapse Kerk kon ingelyf word. Op die Sinode wat dieselfde jaar (1852) in Kaapstad vergader het, is die belange van die gemeentes breedvoerig bespreek. By die bespreking is daar dringende versoekskrifte van kerkrade voorgelees. Die kerkraad van Potchefstroom het o.m. geskryf: ,,Wij verzoeken de Synode ons toch niet te willen vergeten, maar dat onze gemeente toch altijd in verband met de Synode mogte staan; want al zijn wij hier buiten de grenzen der Kolonie, wij wonen toch binnen het rijk van den Heere Jezus welke zonder grensen is." [10]) Die gevolg van al die beraadslaginge was 'n besluit van die Sinode ,,dat de Inlijving dier Gemeenten bewerkstelligd zoude worden."[11]) Van die inlywing is onverwyld offisiële kennis gegee sowel aan die Transvaalse Volksraad as aan die Kaapse regering.

(Vir 'n volledige beskrywing van die lewe en verdere arbeid van Ds. Andrew Murray in die Vrystaat en elders word die leser verwys na die voortreflike biografie getietel *Het Leven van Andrew Murray*, deur Prof. Dr. J. du Plessis.)

### DR. H. E. FAURE IN NATAL.

In Junie 1852 is Dr. H. E. Faure aangestel as eerste gevestigde predikant in Natal. Die maand tevore het hy in Kaapstad na volbragte studie aan die Utrechtse Hoërskool teruggekeer en op 24 Mei is hy by sy vader, die Actuarius Synodi, gelegiti-

[10]) Spoelstra, Het Kerkelijk en Godsdienstig Leven der Boeren, bl. 130.
[11]) Kaapse Kerkargief S. 16, bl. 79.

meer. Nog voordat hy teruggekeer was, het die kerkraad van Pietermaritzburg 'n beroep op hom uitgebring wat hy ook onverwyld aangeneem het onder inwagting van die vereiste goedkeuring deur die Goewerneur. Die goedkeuring is verleen



DR. H. E. FAURE.

en nog voordat hy op Pietermaritzburg gevestig is, het hy in die Sinode van 1852 sitting geneem as predikant van die gemeente. Sy bevestiging het eers op 9 Mei 1853 plaasgevind, omdat die konsulent, Ds. D. van Velden, wat intussen predikant geword het van Winburg, verhinder was om voor die tyd aanwesig te wees om die funksie te verrig. Dr. Faure, wat voorlopig reeds die vorige Desember op onoffisiële wyse 'n aanvang

met sy werksaamhede gemaak het, het met ywer en toegewydheid vyf jaar lank as enigste predikant in Natal gearbei en op 'n bekwame wyse het hy hom van sy reusetaak gekwyt. Dog omdat hy met sy gebore goedhartigheid te veel hooi op sy vurk geneem het, moes hy in 1858 om gesondheidsredes tydelik aftree. Dit was vir hom 'n groot teleurstelling. Toe hy weer herstel was, het hy die St. Stephens-Kerk, Kaapstad, bedien van 1859 tot 1864, toe hy op aandring van sy vrou, 'n Hollandse dame, na Holland gegaan en nooit weer na Suid-Afrika teruggekeer het nie. As predikant van die Ned.-Hervormde Kerk in Holland is hy op 6 April 1898 te Doesburg oorlede.


## DS. DIRK VAN DER HOFF IN TRANSVAAL.

Die eerste gevestigde en vir etlike jare enigste predikant in Transvaal was Ds. Dirk van der Hoff. Hy is op 2 September 1814 te Dordrecht, Holland, gebore en na volbragte studie aan die Universiteit van Leiden, blykens bewyse wat op ons Kerkargief aanwesig is, op 6 Mei 1840 deur die Prowinsiale Kerkbestuur van Suid-Holland tot die evangeliebediening toegelaat.[12]) Saam met etlike andere kon hy tengevolge van 'n oorgroot aantal proponente geen beroep kry nie. Op 1 Julie 1852 egter het hy ,,uit naam van en voor den achtbaren Volksraad der Uitgewekenen en Onafhankelijke Afrikaansche Hollanders benoorden de Vaalrivier in Zuid-Afrika"[13]) van Prof. Lauts te Kampen 'n aanstelling as predikant teen 'n salaris van 1,800 gulden per jaar gekry, waarop hy 18 Augustus d.a.v. deur die Indiese Kom-

12) Kaapse Kerkargief, A 2, bls. 96.

13) 'n Faksimilee van hierdie aanstelling in die brosjure *Ds. Dirk van der Hoff*, deur Ds. Joh. Dreyer, e.a., bls. 28.

missie in Den Haag georden is.[14]) Hy het op 5 November 1852 in Kaapstad aangekom en hom vier dae later deur die Actuarius, Dr. Faure, laat legitimeer in voldoening aan 'n besluit van die



Ds. D. van der Hoff.

Sinode wat toe net sy sittinge geëindig en na ontvange kennisgewing uit Holland van Ds. Van der Hoff se oorkoms besluit het ,,dat hij sich bij den Actuarius Synodi zal hebben te legitimeeren."[15]) Hy het hom daarby te geredeliker laat legitimeer, omdat hy verneem het ,,dat de Transvaalders op hun verzoek kerkelijk bij de Kaap ingelijfd zijn, zoodat geen beroep door hen geschiedt dan desulken die wettiglik door gezegde Kaapsche Kerk erkend zijn."[16]) Die Sinode het verder besluit

[14]) Kaapse Kerkargief, A 2, bls. 97.
[15]) Acta Synodi, 1852, bls. 30.
[16]) Lewenskets Ds. Dirk van der Hoff, bls. 8.

„dat wanneer het bij het legitimeren den Actuarius zal zijn gebleken dat meergem. Predikant van der Hoff voor de Transvaalsche gemeente is beroepen, dit door hem aan den Kerkeraad dier gemeente worde geschreven, met kennisgeving in welke betrekking hij ten gevolge van de inlijving der Trans-Vaalsche gemeenten met onze Kerk staat, en hunne verpligting voor zijne reiskosten derwaarts te zorgen, en dat de Predikanten en de Afgevaardigden verzocht worden hem bij zijne aankomst zooveel mogelijk met raad behulpzaam te zijn."[17]) Aan hierdie besluit is dadelik gevolg gegee. Ewewel het dit weens omstandighede etlike maande geduur voordat Ds. Van der Hoff na die plaas van sy bestemming, Mooirivier (Potchefstroom) kon vertrek, en in die tussentyd het hy hom onledig gehou met die waarneming van preekbeurte in Kaapstad en elders. Die reis het oorsee via Natal gegaan. Op Pietermaritzburg het Ds. Van der Hoff op 8 Mei 1853 as predikant van die Ned. Geref. Kerk deelgeneem aan die offisiële bevestiging van Dr. H. E. Faure en die Sondag daarop 'n preekbeurt op Kliprivier (Ladysmith) waargeneem. Sy bevestiging op Potchefstroom sou plaasvind op 31 Julie volgens ooreenkoms met Ds. Andrew Murray, van Bloemfontein, wat, soos reeds aangetoon is, die Transvaalse gemeentes van tyd tot tyd besoek en in iedere opsig die betrekking van konsulent beklee het, en wat op gemelde datum die nuwe leraar sou kom voorstel en offisieel bevestig. Hierdie bevestiging het nooit plaasgevind nie. Die geval was dat Ds. Van der Hoff by sy aankoms in Transvaal gevind het dat daar in invloedryke kringe 'n sterk vrees vir Engelse invloed en vir kerklike gelykstelling met gekleurdes wat in Kaapland toe nog gedoog

[17]) Acta Synodi, 1852, bls. 30.

was, ontstaan was en gevolglik liewer buite die sinodale verband van die Kaapse Kerk wou bly in weerwil van die besluite tot inlywing wat reeds geneem was.

,,Persoonlijk,'' skryf ds. N. J. van Warmelo, die latere predikant van die Ned.-Herv. of Geref. Kerk in Transvaal, ,,was Ds. Van der Hoff ten gunste eener vereeniging met de Kaapsche Kerk, vooral ook om het bezit der kerkelijke voorrechten, die daaraan verbonden waren. Maar het algemeen uitgedrukte verlangen van mannen van invloed, van het grootste deel des volks had een geheel andere strekking, en na rijp beraad, met opoffering van eigen gevoelen, kwam men overeen de gemeenten van de Transvaal te verzamelen op eene groote bijeenkomst te Rustenburg, dan het gevoelen der meerderheid te verneemen, en dienovereenkomstig te handelen. En zoo geschiedde het. De zamenkomst had plaats, de zaak werd rijpelijk overwogen en breedvoerig besproken, en het gevolg was dat er werd vasgesteld om den predikant Van der Hoff, buiten de Synode om, als Herder en Leeraar te bevestigen. In het bijzijn van een ontelbare schare had die plechtigheid der bevestiging plaats, en wel door den ouderling Wolmarans.'' [18])

Dit was dieselfde ouderling F. G. Wolmarans van Potchefstroom wat minder as twee jaar tevore die eerste ondertekenaar was van die reeds aangehaalde smeekskrif aan die Kaapse Kerk, versoekende ,,dat onze gemeente toch altijd in verband met de Synode mochte staan.'' Hoe dit sy, vanaf daardie Rustenburgse kerkvergadering op 8 Augustus 1853 dagteken die stigting van die ,,Nederduits-Hervormde Kerk'' in Transvaal onder onafhanklike bestuur, hoewel die naam van die Kerk as Ned.-Geref. nog jare lank gedurig voorgekom het en die naam van Ds. Van der Hoff gereeld in die Almanak van die Kaapse Kerk tot 1862 verskyn het in die lys van diensdoende predikante van die Ned.-Geref. Kerk van Suid-

---

[18]) Een Herinnering aan Ds. Dirk van der Hoff, (Potchefstroom, 1881, bl. 10.

Afrika. Die naam ,,Nederduits-Hervormde Kerk" is eers later (in 1858) vasgestel. Hieromtrent skryf Ds. Van Warmelo in die reeds aangehaalde Herinnering:—

,,Toen men bezig was om een Grondwet op te stellen ten behoeve van de Zuid-Afrikaansche Republiek, gaf de Overheid last om zooveel mogelijk het gebruik van vreemde, bastaardwoorden te vermijden en zich van zuiver Hollandsche uitdrukkingen te bedienen. Toen de vervaardiger nu de artikelen van Kerk en Staat behandelde, waarby bepaald moest worden wat de naam van de Staatskerk zijn zou, gebruikte hij het zuiver Hollandsche woord ,Nederduitsch Hervormd', zoo als ook op het titelblad van onze Bijbels en Psalm- en Gezangboeken te lezen staat. De Volksraad bekrachtigde dien naam. Na verloop van eenigen tijd waren de predikanten Van der Hoff en Smits bezig om een wet op te stellen voor het bestuur der Kerk, en in overeenstemming met de Grondwet hielden zij zich aan de benaming ,Nederduitsch Hervormd'." [19])

Aan Ds. Van der Hoff kom dus die eer toe dat hy die eerste gevestigde predikant onder die Voortrekkers in Transvaal was. Jare lank het hy daar alleen gestaan met 'n arbeidsveld uitgebreider as dié van enige ander predikant ten noorde van die Vaalrivier. En hy het met ywer en trouheid 28 jaar gearbei tot aan die dag van sy dood—9 Oktober 1881, en gedurende die tyd belangrike dienste aan die Transvaal bewys. Ds. Van Warmelo het bereken dat hy alles te saam 13,720 kinders gedoop, 6,114 lidmate aangeneem en 1,486 pare getrou het, en oordeel dat ,,Zijne nagedachtenis in eere zal blijven zoo lang de Transvaal bestaat. Als mensch," sê Van Warmelo verder, ,,had hij zijne gebreken. Maar zooals bijna algemeen gezegd werd, hij mocht een foutje maken; het werd hem vergeven, hij is onze oudste en eerste leraar."


---

[19]) Een Herinnering aan Ds. Dirk van der Hoff, pag. 13.

# IX.

## GODSDIENSSIN VAN DIE VOORTREKKERS.

Van die godsdienssin van die Voortrekkers en hul gehegtheid aan die Kerk is daar sterk bewyse in die historie. 'n Paar dien hier vermelding:



**Die State-bybel wat aan die Voortrekkers present gegee is.**

In die opdrag aan die binnekant van die State-bybel wat die Engelse inwoners van Grahamstad in 1836 aan „den Heer Jacobus Uys en zijn uitgetrokken landgenooten" gegee het word o.m.

melding gemaak van „de begeerte welke zij aan den dag gelegd hebben om een Prediker te verkrijgen, en hunne stipte nakoming der Heilige Instellingen," as duidelike bewyse „dat zij op hunnen togt om een ander land te zoeken, zich zullen laten geleiden door de Bevelen in dit Heilig Boek begrepen, en standvastig aan dezelfs Heilige Wetten zullen aankleven, als onwrikbare voorschriften van den Schepper van het Heelal — den God van alle Natien en Volkeren."[1])

Hierdie Bybel word tans in die Biblioteek op Pretoria bewaar.




Die Uysklip.

In die teenswoordige distrik van Dewetsdorp is daar 'n spoorweghalte Uysklip genoem, waar deur die Voortrekkers 'n eenvoudige gedenksteen

---


1) *Grahamstown Journal*, 27 April 1837.

opgerig is, aan die voet waarvan, volgens Van Der Post[2]) „de Emigranten Boeren ten noorden der Oranjerivier, in 1836, de eerste openbare bediening des Evangelies genoten, na hun vertrek uit de Kaapkolonie." By dié geleentheid is daar huwelike voltrek, die Doop bedien en die Heilige Avondmaal gevier en wel deur die Eerw. J. Archbell, destyds Wesleyaanse sendeling op Thaba 'Nchu, wat die volgende jaar by die oprigting van die steen, wat die Uysklip genoem is, die name van die vernaamste leidsmanne van die Uys-trek daarop uitgekap het ter gedagtenis aan die traktaat van vrede en vriendskap wat daar met Moroka, opperhoof van die Baralongs, gesluit is. Die klip is van sandsteen en is later deur toedoen van President F. W. Reitz na die Nasionale Museum op Bloemfontein verwyder, waar dit tans bewaar word. Dis 'n sprekende bewys dat die Voortrekkers wat hul huis en haard verlaat het, nie hul Bybel agtergelaat het nie, maar vas gestaan het in die geloof dat „de vreeze des Heeien het beginsel der wijsheid is."

Op 8 Februarie 1837 is die eerste kerkraad gekies, bestaande uit J. S. Maritz, Ch. Viljoen en S. A. Cilliers. In verband met die verkiesing teken Erasmus Smit aan: „Deze dag hadden de burgers vergadering . . . om de verkiesing van een kerkeraad — Br. Stefanus Maritz [sy swaer] als ouderling, en Cilliers [die later bekende vader van Dingaansdag] en Viljoen als diakenen."[3]) Deur die verkiesing van 'n kerkraad is die instandhouding van die openbare godsdiens met die aanklewende bediening van die Woord en die Sakramente en die uitoefening van die tug op 'n gereelde voet gebring. Die kerkraad het dan ook

[2]) C. W. H. van der Post, *Piet Uys*, bl. 203.
[3]) Ds. H. F. Schoon, Uit het Dagboek van Erasmus Smit, bl. 92.

kort daarna (19 Mei 1837) besluit om ,,uit te zien naar een bekwamen Leeraar van de Gereformeerde Religie, door de ondervinding geleerd hebbende,



OUDERLING SAREL CILLIERS.

ja doordrongen zijnde dat de openbare Godsdienst de eerste grondslag moet zijn waarop een Christelijke Maatskappij moet gegrondvest worden,"[4])

[4]) *De Zuid-Afrikaan* (Kaapstad), 17 November 1837.


terwyl aan 'n seker Frans Schultz, 'n Kaapstadse handelaar wat die Voortrekkers omtrent dieselfde tyd 'n besoek gebring het deur Piet Retief en Gert Maritz opgedra is ,,om namens hun Constituanten aan de Kaap de Goede Hoop of elders aanzoek te doen naar een goeden en bekwamen Gereformeerden Leeraar."[5])

Dieselfde Schultz beskryf die plegtige wyse waarop die Sabbatdag in die laer gevier is as volg: ,,Den volgenden morgen zynde den 8sten Mei 1837 was het Sabbath. Om acht ure wierd de klok geluid. Ik begaf my na de plaats, en vond dat daar aan weder zyden wagens waren geschaard en tusschen beiden van boven bedekt met zeilen, en welke gelegenheid dienen zoude tot een kerk. De godsdienst werd er tweemaal dien dag verrigt, en zoo vervolgens ieder Sabbathdag door den Eerw. Heer Erasmus Smit."[6]) Die Voortrekkers was nie enkel psalmsingers nie. Schultz vertel in sy joernaal hoe hul by 'n godsdiensoefening wat hy bygewoon het Gesang 7:1 ,,Op bergen en in dalen en overal is God" gesing het, wat vir hom in daardie wilde geweste baie toepaslik toegeskyn het. Hulle was ook nie teen die hou van bidure gekant nie. ,,Bedestond wierd er tweemaal in de week des avonds gehouden," sê Schultz. Ook J. N. Boshoff van Graaff-Reinet wat die Voortrekkers in 1839 besoek het skryf in *The Grahamstown Journal* o.a.: ,,Bedestonden worden dikwyls gehouden," terwyl die heer C. Hiddingh, wat in 1856 uit Holland deur koning Willem III met 'n belangrike missie na die Oranje-Vrystaat gestuur was o.m. meedeel: ,,In elk huisgezin wordt by het morgen-, middag- en avondeten hardop gebeden en gedankt. Velen hou-

---

[5]) *De Zuid-Afrikaan*, 3 November 1837.
[6]) Idem, 17 November 1837.

den des avonds huiselyke godsdienst door het lezen in den Bybel en zingen van een heilig lied. Dit bewyst dat de menschen een innig godsdienstig gevoel bezitten."



Oud. (later Pres.) J. N. Boshoff.

Sprekende van die godsdienssin van die Voortrekkers, moet seker gewys word op hul eerlikheid. En in hierdie verband mag aangehaal word die onderhandelinge tussen Retief en Dingaan. Die

hele landstreek wat tans die Provinsie Natal uitmaak, was destyds onbewoon. Wild van allerlei aard het daar ongehinderd gegraas. Nou sou menigeen miskien kon gemeen het dat Retief en sy medetrekkers hulle maar daar kon neergesit het. Dit was tog niemandsland. Maar nee, Dingaan had die vorige bewoners oorwin en omgebring en daarom het die land aan hom behoort. Van hom moes dit dus verkry word. En om dié rede het Retief twee moeilike reise te perd gemaak. Hy wou die pragtige, vrugbare grond uiters graag hê, maar niemand moes later durf beweer dat hy grond geroof het nie. En niemand kan dit ook beweer nie, en die wat dit gedoen het moes die bewering terugtrek, want dit staan onomstootlik vas dat die Voortrekkers 'n gedeelte van Natal langs die weg van eerlike onderhandeling en wetlike ooreenkoms verkry het. Hulle het hul foute en swakhede soos ander mense gehad, maar hul eerlikheid blink helder uit.

Een van hul foute was seker onderlinge verdeeldheid by meer as een voorkomende geleentheid en die onenigheid van die leiers by gewigtige keerpunte. Eendrag het dikwels ter oorsaak van naywer en jaloesie ontbreek. Ongelukkig was Erasmus Smit se invloed as leraar onder sodanige omstandighede nie sterk genoeg om die kwaad teë te gaan nie, wat miskien ook oorsaak was van ongereeldhede op kerklike gebied. So by voorbeeld was daar in Junie 1837 'n klagsaak teen 'n seker J. G. S. Bronkhorst wat ,,aan kinderen doopen wilde gaan." Die saak is behoorlik verhoor met uitspraak teen die beskuldigde ,,om te betalen vyftig Ryksdaalders ten behoeve van de kerkkas, met de kosten van het Proces." [7])

[7]) *De Zuid-Afrikaan*, 3 November 1837.

Nog dien vermelding dat die bowegemelde kerkraad ook besluit het ,,zoodanige middelen te beramen waardoor wy kunnen in staat gesteld worden om een behoorlyke Kerk te stichten of te bouwen zoodra wy met Gods hulp tot ons bedoelde Land of Plaats zullen gekomen zyn"[8]) Dit het nog 'n heel paar jaar geduur en baie groot dinge moes vooraf gebeur voor hierdie besluit ten uitvoer gebring is in die vorm van die Voortrekkerskerkie op Pietermaritzburg. Dis bekend dat die totstandkoming van die kerkie in noue verband staan met die ,,Gelofte," waaromtrent daar die volgende aantekening in die Dagboek van J. G. Bantjes voorkom:

,,9 Des. 1838 . . . . De Hoofd-Kommandant (Genl. A. W. J. Pretorius) zeide, dat hij aan den Almachtige 'n gelofte doen wilde . . . . De hr. Charl Cilliers nam de godsdienstoefening waar en begon met 't zingen van Ps. 38; 12-16; sprak over de eerste 24 verzen uit 't 6de kapittel van de Rigteren. . . . . Weder werd gezongen de 12e en 21e verzen van Ps. 38, en hij besloot met Ps. 134. De gelofte werd d.d. 9 Dec. de eerste keer gedaan, en daarna iedere avond herhaald, tot de avond van 15 Dec. 1838."

Daar bestaan drie verskillende vertroubare oorkondes van die instelling van die Gedenkdag 94 jaar gelede wat ons laat sien hoe ons die dag behoort te vier. Hier volg die oorkondes:

,, . . . . Dat wij die dag van onze overwinning immer als 'n Dankdag, als 'n Sabbat, tot Zijne ere zullen vieren; en dat wij het ook aan onze Kinderen zullen zeggen, opdat zij met ons erin kunnen delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten." — (Verklaring van Sarel Cilliers.)

,, . . . . Dat hul 'n gebou sou oprig, ter ere van Sy Naam; en dat hul dag en datum van die oorwinning sou aanteken in 'n Boek, om dit bekend te maak aan hul verste nageslagte, opdat dit gevier mag word ter ere van God."— (Verslag van J. G. Bantjes, Sekr. van Genl. Pretorius.)

---

[8]) *De Zuid-Afrikaan*, 17 November 1837.

„ . . . Wij hebben besloten om de dag onzer overwinning onder ons nageslacht te doen bekend worden, en dat wij het de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, en dat wij de Heer 'n Huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal."—(Genl. A. W. J. Pretorius se rapport aan die Volksraad.)

Uit hierdie oorkondes blyk duidelik dat ons jaarlikse viering van Dingaansdag kragtens sy instelling 'n streng godsdienstige karakter behoort te dra. Dit moet ons steeds oproep tot dankbare erkentlikheid jeens God vir die oorwinning van die christelike beskawing, van trou en vrede en veiligheid oor barbaarse wreedheid, moordsug en verraad. In hierdie verband sê ons offisiële Kerkorgaan [9]:

„Dingaansfees is die viering van die oorwinning van die christelike beskawing, van trou en vrede en veiligheid oor barbaarse wreedheid, moordsug en verraad. Dingaan was 'n telg van 'n onbeskryflik bloeddorstige koningsgeslag, en die verteenwoordiger van 'n lewensopvatting, wat sy uitdrukking in die assegaai gevind het. In hom het die ou Soeloe-idee die kragtigste tot openbaring gekom dat die swakke nabuur opgeëet en die sterke deur sluheid gevang en gedood moes word. Met so 'n lewensbeskouing het die Voortrekkers in die Soeloekoning en -nasie in aanraking gekom, en daarmee was dit onmoontlik in dieselfde land saam te leef. Die hand wat een dag sy kruisie op 'n vredestraktaat gemaak het, is die volgende dag bevlek met die onskuldige bloed van hulle met wie hy vrede gesluit het. So 'n hand kon nie in vriendskap aangegryp word nie; hy moes kragteloos gemaak word—en dit het te Bloedrivier geskied, en daarom vier ons op die verjaarsdag van daardie slag dankbaar fees."

---

[9]) *Die Kerkbode*, 7 Desember 1932.

## X.


## EERSTE KERKGEBOUE.

### 1. In Natal.

In die aangehaalde aantekening omtrent die belofte-aflegging uit die pen van J. G. Bantjes, staan die oprigting van 'n kerkgebou eerste. Ook in die verklaring van Genl. Pretorius (van wie die hele gedagte van die gelofte uitgegaan het) wat hy aan die Volksraad 'n week na die laaste herhaling op 16 Desember 1838 gedoen het, staan die oprigting van die Gedenk- of Gelofte-Kerk vooraan, terwyl Sarel Cilliers, wat staande op 'n kanonwa die gelofte in almal se naam gedoen het, in sy herinnering van die aandoenlike plegtigheid 25 jaar later in geskrif gestel, die bou van 'n kerkie glad nie noem nie en ooreenkomstig sy eie gevoel die meeste nadruk lê op die godsdienstige karakter van die dankdag ,,dat wy die dag immer als 'n Dankdag, als 'n Sabbat tot Zyne ere zullen vieren."

In ieder geval, aan die gelofte omtrent die kerkgebou is uitvoering gegee en 'n kerkie was die gevolg. Wanneer presies die kerkie voltooi en ingewy is kan nie met absolute sekerheid bepaal word nie. Met die bou is egter 'n aanvang gemaak in die loop van dieselfde jaar (1839) waarin die hele Soeloemag in Natal amper verslaan was en die Voortrekkers hulle blykbaar ongehinderd en rustig in die land gevestig het. Dit blyk uit twee

bronne: (a) 'n Berig uit Natal wat in *De Zuid-Afrikaan* van 7 Junie 1839 voorkom: „Onze vrienden in de hoofstad Pietermaritzburg (genoemd naar de twee eerste Hoofden, Pieter Retief en Gert Maritz, zijn begonnen aldaar eene Kerk



Voortrekkerskerkie, Pietermaritzburg.

te bouwen" en (b) Die intekeningslyste vir die bou van die Kerkie, waarvan een onderteken deur die heer J. D. Cilliers in die Kaapse Kerkargief aanwesig en van die volgende inhoud is: